

# Leeu besoek tandarts in Pta

Dr. Gerhard Steenkamp maak hier werk van die slagandwortelkanale van Bruno, 'n negejarige leuumannetjie van die Nasionale Dieretuin in Pretoria. Bruno is gister na Onderstepoort gebring waar hy behandeling vir sy `seer' tand gekry het.

## Nicolize van Tonder

'n Negejarige leuumannetjie se gebreekte slagand het gisteroggend die spitsverkeer in Pretoria vir 'n wyle tot stilstand gebring.

Bruno, 'n leuumannetjie van die Nasionale Dieretuin in Pretoria, is gisteroggend vroeg na Onderstepoort gebring om behandeling te ontvang vir sy boonste regterslagand wat afgebreek het.

Dit is nie ongewoon dat groot karnivore se tande breek nie aangesien hulle baie harde bene kou.

Bruno het begin om gevoel in die tand te verloor en dr. Gerhard Steenkamp, 'n veearts wat elke week die dieretuin besoek om na die diere se tande om te sien, het gemeen dis tyd dat die koning van die diere ook sy tand laat kroon.

Dit was egter makliker gesê as gedaan.

Bruno weeg meer as 200 kg en moes verdoof word vir die rit.

Twee bewaarders en die dieretuin se veearts, dr. Leon Venter, moes saam met Bruno agterin 'n bakkie ry.

Groot moeite is gedoen om die rit so gou moontlik af te handel, want niemand wou regtig weet wat sou gebeur as Bruno te vinnig wakker word nie.

Lede van die verkeersafdeling van die Pretoriase stadsraad het gehelp om die verkeer tot halt te roep om Bruno so vinnig moontlik by Onderstepoort te kry.

By Onderstepoort is Bruno onder narkose geplaas en aan 'n respirator gekoppel voordat daar werk gemaak is van sy tandwortelkanale.

In 'n stadium is vermoed dat die tand dalk getrek sou moes word omdat komplikasies ingetree het.

Dit het veroorsaak dat die operasie ook ure langer aangehou het as wat vermoed is.

Uiteindelik het Steenkamp en die spesialis wat hom bygestaan het, dr. David Mosley, net die wortelkanaal skoongemaak en gestop. Daar sal later besluit word of die tand wel gekroon sal word en of dit net afgeveyl sal word. Bruno se tande is ook skoongemaak en gepoleer.

---

DIERE TANDHEELKUNDE